KAREL SCHOEMAN
*The face of the country. A South African family album 1860-1910*
Cape Town, Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau
1996
144 pp.
R120,00
ISBN 0-7981-3552-2

Karel Schoeman se *The face of the country* is nie die eerste of enigste publikasie waarin negentiende-eeuse Suid-Afrikaanse foto's versamel en met byskrifte toegelig is nie. So was *A vision of the past* van Mona de Beer en Brian Johnson Barker, wat in 1992 verskyn het, selfs van omvangryker formaat as hierdie jongste versameling. 'n Langer periode is gedek (albei publikasies eindig by 1910, maar *A vision* begin reeds by die oorsprong van fotografie in Suid-Afrika in die 1840's) en byna 'n honderd foto's méér, boonop uit 'n groter verskeidenheid bewaarplekke versamel, is geplaas. Daarby sal baie lesers van (of kykers na?) Suid-Afrikaanse geskiedenis reeds goed bekend wees met heelparty van die foto's in *The face of the country*, wat al vantevore in verskeie publikasies opgeneem is. Foto nommer 2333 (*Elderly couple*) het byvoorbeeld in die einste *A vision of the past* verskyn. 'n Ander voorbeeld is nommer 49, die foto van Nongqawuse en Nonkosi, die twee Xhosa-profetesse wat verantwoordelik gehou is vir die sogenaamde 'Nasionale Selfmoord'. Afdrukke daarvan het reeds in J.S. Bergh en A.P. Bergh se *Stamme en ryke/Tribes and kingdoms* en N. Mostert se *Frontiers* verskyn (Mostert maak verkeerdelik daarop aanspraak dat sy publikasie die eerste is waarin 'n afdruk van hierdie treffende foto verskyn). Schoeman weerhou hom van sulke oormoedige aansprake: *The face of the country* beding op vars en oortuigende manier en in terme van sy eie voorveronderstellings (duidelik uiteengesit in die inleiding) vir homself 'n plek in die *general reader* se boekrak. Die 'akademiese leser' behoort ook hierdie boek met groot vreugde en genot te verwelkom. Hierdie foto-publikasie is 'n geslaagde voorbeeld van hoe geskiedenis vir die eindverbruiker aangebied kan word. Wanneer lesers hierdie album toemaak, sal hulle ook 'n oorsig hê oor die geskiedenis van Suid-Afrika vir die onderhawige tydperk - 'n bevestiging van die geskiedenismakende krag van die foto?

Wat is die voorveronderstellings waarmee die leser *The face of the country*, op versoek van die samesteller, moet benader? In die eerste plek, dat dit 'n poging is tot groter bekendstelling van die ryke foto-versameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek. Derhalwe, omdat die biblioteek in Kaapstad geleë is, is die inhoud van die publikasie noodwendig streekgebonde-bevooroordeeld. Die Indiër- of Sothosprekende gemeenskappe van Suid-Afrika kom byvoorbeeld nie in hierdie boek tot hulle reg nie. Tweedens, word gevra dat die datering 1860-1910, en skynbaar ook die indeling van die foto's per dekade, nie as vaste afsnypunte gesien moet word nie, maar eerder as rigtingduidende boeie op die vloeibare terrein van periodisering. (Tog is dit moeilik om te begryp waarom foto's wat vanaf 1870 tot 1811-12 dateer, tussen bladsye 79 en 90 en dus onder die bespreking van die 1880's, geplaas is, terwyl die agtergrond oor die 1890's en die res van die foto's uit hierdie dekade, eers ná bladsy 91 volg. Hier het die samesteller skynbaar afgewyk van sy aanvanklike strategie om eers inleidende opmerkings oor die tydgees van elke dekade te maak en daarná die foto's daarvan te plaas). Derdens, maak die samesteller die leser deeglik daarvan bewus dat wàt sy op die bladsye van die boek sien, nie oorspronklike foto's is nie, maar - dikwels verkleinde - afdrukke waarvan die outentieke kleurskakerings en fyner nuanses nie noodwendig werklikheidsgetrou weergegee kon word nie. Deur hierdie waarskuwing, moedig die samesteller sy lesers aan om verby die tema van die foto (die mense op die foto), na die *foto*-as-voorwerp óók te kyk. Die *foto*-as-objek en die ontwikkelingstadium waarbinne fotografie as medium in daardie stadium was, speel alles mee in dit wat die foto kommunikeer. Hoe belangrik dit was dat gefotografeerdes met die neem van die vroeë daguerreotipes nie moes beweeg nie, word beklemtoon deur telkens aan te dui hoe styf die familielede aan mekaar moes vashou (nommer 61). Op die kinderportrette word die voetstukke van die koplampe wat gebruik is om te keer dat die kinders beweeg, duidelik uitgewys (nommers 80, 82 en 83). Die spookbeelde wat verkry is indien die gefotografeerdes dan wel beweeg het, word ook uitgewys en verklaar (sien nommers 68 en 251).

Om terug te keer tot die formaat waarin die foto's in die publikasie afgedruk is: verkleinings ten spyt, is dit verblydend dat die outentieke vorm van die foto's behou is. Die ovaalvormige portrette (byvoorbeeld nommers 90, 105 tot 109 en 155), geronde hoeke soos dié van nommer 156, die oorspronklike montering wat die fotograaf se naam en adres in sierletters saam met sy produk verewig (nommer 110), is alles leidrade wat die kyker teruglei tot in die tydgees waarbinne die foto oorspronklike geneem is. Let ook op die gewoonte om handgeskrewe byskrifte op die regte kant van die foto, sodat dit deel vorm van die beeld,

te maak (29, 68, 87, 88, 95). Min fotograwe het hierdie gewoonte waarskynlik tot groter effek as Karen Blixen, van *Out of Africa*-faam, gevoer. Die name van haar honde en vriende in haar uitsonderlike handskrif, is net soveel deel van haar foto's as die beelde van die gefotografeerdes self. Suid-Afrikaners behoort daarvan in kennis gestel te word dat plaaslike argiewe inderdaad beskik oor foto's met gelyksoortige aanklank. Schoeman doen juis dít wanneer hy die twee ambrotipes in nommers 43 en 44 mét hulle oorspronklike papier-mâché-houers, in sy boek afbeeld. Die "traditional Xhosa *sangoma* and the two superficially westernised young men" sit ewe knus in hulle hoogs-Victoriaanse omhulsels, afgewerk met rooi fluweel. Hierdie twee afbeeldings sê waarskynlik meer oor Grey se verwesteringsbeleid van die 1860's as 'n duisend woorde. Die formaat waarin die nou reeds-bekende foto van Nongqawuse en Nonkosi geplaas is, vra ook om gunstige kommentaar. In Mostert se *Frontiers* het die afdruk 'n reghoekige vorm. In die Schoeman-publikasie is die boogvormige ronding bo-aan die foto behou. Wéér lewer die impak van Victoriaanse kuns- en lewens-beskouings op 'n verowerde Xhosa-gemeenskap, 'n uiters ironiese resultaat. Volgens die Victoriaanse kundige Barbara Gates, is die geronde bo-raam waarskynlik 'n oorblyfsel uit die ou Christelik-religieuse altaarstuk-kuns. Sy skryf dit ook toe aan die Victoriane se voorliefde vir die teatrale en beskou dit as die raam by uitstek waarbinne neergeslane, lewensmoeë Victoriaanse vroue met selfmoordneigings uitgebeeld is. Gates se teorie is nie onaanvegbaar nie en die paar Xhosa- en Tembu-mans wat binne soortgelyke raamvorms in *The face of the country* verskyn, vra inderdaad vir herbesinning daaroor binne die Suid-Afrikaans-Victoriaanse konteks. Belangrikste is nietemin dat Schoeman, deur die tipe foto's wat hy plaas en die wyse waarop hy dit plaas, sy lesers se nuuskierigheid prikkel en 'n uitnodiging rig tot 'n onkonvensionele herverkenning van die verlede.

Schoeman se uitwys en omskrywing van die effek wat telkens deur 'n foto bereik word, verhoog inderdaad die trefkrag van hierdie versameling. Hierdie is 'n boek wat die misterieuse kommunikasievermoë van die foto as *visuele* (teenoor mondelinge) oorlewering, tuisbring. Sonder om te val in die reuse-slaggat van sentimentaliteit, slaan Schoeman die fyn balans tussen die nostalgie wat ou foto's so onwillekeurig by die toeskouer ontlok, en die meer rasionele ontginning daarvan as histories-informatiewe bron. In hierdie verband is sy "Reading a photograph"-uiteensetting besonder sinvol. Hierdie is praktiese voorbeelde van hoe foto's, in die wáre sin van die woord, as historiese bronne gebruik behoort te word. Elke stukkie detail is potensieel betekenisdraend en kan bydra tot die ontsluiting van die kodes van die tydperk: die bruin man wie se *blazer* vir hom te klein is, sou, as dit nie was vir sy taak om die perde vas te hou nie, nie deel van die komposisie op foto 189 gewees het nie. Die éintlike persone op die foto, is die drie formeel-geklede blanke mans by die perdekar. Die grootte van die bruin man se (waarskynlik tweedehandse) *blazer* is die visuele getuienis van sy ondergeskikte ekonomiese en sosiale posisie. Foto 189 en die manier waarop Schoeman dit "lees", herinner sterk aan die semiotikus Roland Barthes se besinning oor 'n foto van koningin Victoria, in meters materiaal gedrapeer op 'n perd, en die Skotse kneg wat die dier moes hanteer. Wat, vra Barthes, sou gebeur het as die Skotse kneg nie die perd kon beheer nie? Koningin Victoria sou al haar waardigheid verloor het. Wat sou gebeur het as die man met die *blazer* op foto 189 nie sy werk gedoen het nie? Die perde sou met die kar op loop gegaan het en slegs die man wat buite, vóór die kar staan, sou op die foto verskyn het. Schoeman het gelyk wanneer hy beweer dat "were it not for his [die bruin man se] function, no record of him would probably have survived." Meer nog: as dit nie was dat die bruin man aan sy funksie voldoen het nie, sou waarskynlik geen fotografiese rekord van enige van die persone tot stand gekom het nie...

In sy destydse resensie van *A vision of the past* in *Die Suid-Afrikaan* (Februarie 1993), het J.M. Coetzee dit veral gehad oor die blanke middelklasnorme wat deur die foto's uitgedra is. Dit het hom met die indruk gelaat dat die era onder bespreking een was "that spent a lot of time and energy celebrating itself." Met die foto's wat vir *The face of the country* geselekteer is, het Schoeman, die ooraanbod blanke foto's ten spyt, die spektrum wel wyer getrek. In sy eie woorde soos volg gestel: "...collections of photographs all too readily become exercises in nostalgia, limiting themselves to the seemingly gracious lives of the white section of the community in a largely mythical colonial world. It is the aim of the present book, however, to reflect the complex multi-racial and multi-cultural nature of South African society as fully as possible within the given limitations, and to avoid becoming merely a further contribution to popular mythology."

Bo en behalwe die feit dat meer foto's vroeër van blankes geneem is, is die gekompartementaliseerde en rassistiese verloop van die negentiende-eeuse geskiedenis nóg een van die "given limitations" waarmee die samesteller rekening moes hou. Tog sien die leser inderdaad Suid-Afrikaners van alle rasse en stande in *The face of the country*. Die samesteller het in sy doelstelling geslaag. Hier is moeite gedoen met seleksie. Vergelyk byvoorbeeld die werklike armoede van die kinders buite die tradisionele hut in Port Elizabeth (foto 139) met die geposeerde maar werklikheidsgetroue foto van die spel van stedelike bruin kinders (foto 129). Vergelyk ook die twee Sondagskoolgroepe op foto's 253 en 254; die twee blanke gesinne op foto's 259 en 260; die gevange Boere-rebel van Natal op foto 238 en die gevange Tembu-leiers op bladsy 33. Kyk na foto's 234, 235 en 242 vir die gelykmakende effek van oorlogsellende. Foto's 196, 217, 197, 221, 232 en

218 toon vroue van elke kleur en stand; twee sit en lees, een doen naaldwerk, twee hou sambrele vas en 'n sewende het 'n viool in die hand. Die versameling bevat meer as twintig vroue wat baba's vashou - 'n viertal mans met kinders op die skoot. Schoeman misken nie die persoonlike, innemende ervaring wat vir die gemiddelde waarnemer so eie aan "foto's-kyk" is nie - hy noem sy versameling immers 'n Suid-Afrikaanse familie-album, vol gewone Suid-Afrikaners wat juis vanweë hul onbekendheid vir die ewe onberoemde massamens bekend is. Schoeman stel dit duidelik dat dit sy doelstelling was om gewone mense in die album tot hulle reg te laat kom. Waarskynlik kan dit ook toegeskryf word aan die "given limitations" wat reeds hierbo genoem is, maar die poging om alle mense in hulle *gewoon*heid gelyk te probeer stel, was nie heeltemal geslaagd nie: weens die ooraanbod beskikbaar, was dit geen probleem om genoeg onbekende gewone blanke mense se foto's op te spoor nie - maar 'n groot aantal van die swartmense wat in die album verskyn, is juis nie gewone onbekende mense nie, maar adellikes en divineerders, uitsonderlike persone waarvan die name en lewensomstandighede goed bekend is!

*The face of the country* is 'n boek vol verrassende foto's vir oor-en-oor-kyk, met moet-lees onderskrifte. Die hardeband, glanspapier, volledige indekse volgens fotograwe, onderwerpe én verwysingsnommers binne die versamelings van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, dra by tot die keurigheid van die publikasie. Die geraadpleegde bronne wat wel gelys is, getuig van ure se navorsing en behoort menige foto- en geskiedenis-entoesias aan te spoor tot benutting van visuele getuienis as volwaardige ontsluitingsmeganisme van die verlede. Schoeman het immers reeds met van sy vorige publikasies, soos die Schreiner-biografieë, bewys dat hy foto's as bron kán benut. Dit is 'n ervare foto-kyker wat in hierdie boek aan die woord is.

LIZé KRIEL
*Universiteit van Pretoria*